# KINDERKERK LES: God is Almagtig

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat God ons enige iets kan doen. Selfs die dinge wat ons nie kan doen nie.

**Ysbreker:**

- Kry verskeie artikels. Ligte en swaar artikels. Jy kan bv 'n wasgoedmandjie gebruik wat vol klere is (swaar) in vergelyking met 'n wasgoedmandjie gevul met sagte speelgoed (lig). Swaar en ligte boeke of selfs gewigte. Grootmense moet net die kleintjies help sou hulle iets swaar moet optel, dat hulle dit veilig kan doen. **Sê:** Wie van julle is sterk? Kan julle vir my julle spiere wys? Wow! Julle is sterk! Ek wil hê julle moet vir my wys hoe sterk julle is. Laat die kinders nou kom om die swaar en ligte artikels op te tel.

**Sê:** (Wys na ligte items) Hierdie goedjies is almal lig en ons kan dit maklik optel en beweeg. (Wys na swaar items) Hierdie goed is baie swaarder en ons moet omtrent ons spiere gebruik om dit te beweeg. Die Bybel vertel ons dat God baie sterk is, sterker as julle, sterker as ek, sterker as enige iemand. Die groot woord is, God is almagtig. Hy kan enige iets doen.

**Aktiwiteit:** Kry stukke dun papier en dan ook klomp dik stukke papier soos koerante. Laat die kinders probeer om eers die dun stukke papier te skeur wat hulle maklik sal kan doen. Gee dan die koerante op selfs 'n telefoonboek en laat hulle probeer om dit te skeur. Dit gaan baie moeiliker gaan en hulle sal dit nie regkry nie.

**Sê:** Selfs al gebruik julle al julle spiere, is julle nie sterk genoeg om dit te skeur nie. God is sterk genoeg. God is almagtig. Hy kan enige iets doen.

**Bybelstorie tyd:**

Lees in kinderbybel Josua 10:1-15 (Die Koning van Jerusalem het gehoor dat Josua twee stede vernietig het. Hy het ook gehoor dat Josua gesê het die Israeliete sal vyande van hom help. Die koning was baie bekommerd. Hy het besluit om hierdie vyande van hom aan te val oor hulle vrede gemaak het met Josua en die Israeliete. Hy het vier ander konings gevra om hom te kom help om oorlog te maak teen die Gibeoniete. Toe gaan vra die Gibeoniete vir Josua vir hulp. Hulle het gesê "Kom help ons, want hierdie konings gaan teen ons oorlog maak." Josua het met sy hele weermag na Gibeon gegaan om hulle te gaan help. Josua het God gevra om hom te help. Hy wou hê God moes die son en maan laat stilstaan sodat die Israeliete die 5 konings se weermag kon wen. En weet julle wat? God het die maan en son laat stil staan en Josua se vyande heeltemal deurmekaar gemaak. So het die Israeliete toe die geveg gewen.)

Sien julle dat God so sterk is dat Hy selfs die son en maan kan laat stilstaan? Selfs die son en die maan en wind en see luister na God. God kan enige iets doen, want Hy is die sterkste, Hy is almagtig.

Indien daar tyd is, kan elke kind 'n inkleurprentjie inkleur.

Sluit af met gebed.